DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**24 Julie 2022**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Gen 17 |
| **Tema** | Om my kind te doop is genade |
| **Sang** | Psalm 89: 1,2<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>Skrifberyming 14-3: 2, 3<br>Skrifberyming 14-3: 4<br>Psalm 105: 5<br>Psalm 90: 1, 9 |

Wat vir Abraham begin het met 'n opdrag om te trek en 'n belofte dat die Here vir hom ‘n groot nageslag sal gee en dat Hy hom sal seën (Gen. 12) het geleidelik gegroei tot by die punt waar die verbond 'n baie besondere inhoud gekry het. Die verbond wat die Here uit genade met Abraham opgerig het begin in die eerste plek met 'n waarborg: "Ek is God die Almagtige". Dit is nie maar net iemand wat 'n belofte aan hom maak nie. Dit is Jawhe, Ek is wat Ek is, die Almagtige! Vir Hom is niks onmoontlik nie. Hy is ewig betroubaar. Hy sal elke belofte wat Hy maak ten volle laat realiseer. Sy Naam self is die waarborg van wat Hy belowe. Hy sal elke belofte wat Hy maak ten volle laat realiseer. Sy Naam self is die waarborg van wat Hy belowe. Dit is dus die een saak wat ons ten opsigte van die genadeverbond in gedagte moet hou, naamlik dat die beloftes van die Here betroubaar is. Jy mag dit maar glo en jy kan maar daarop vertrou, want die Here self het so gesê.

Vir Abraham is daar weer die beloftes van 'n nageslag en van 'n land. Nou word die genadeverbond vir Abraham egter in 'n neutedop weergegee: Ek sal jou God wees; Ek sal ook God vir jou nageslag wees; Jy en jou nageslag moet my volk wees (Die eis van die verbond wat God stel). Die volkwees van Abraham en sy nageslag word reeds in v 1 baie duidelik omskryf: Lewe naby my en wees opreg. Verbondskind bestaan daarin om letterlik te lewe aan die voete van die Here - dit is om te leef met jou hand in sy hand en jou oor op sy Woord om waarlik te luister wat die Heilige Gees ons leer. Die grootsheid van die verbond lê egter daarin dat die Almagtige God beloof om vir Hom 'n God te wees. Elkeen wat in Jesus Christus glo en deel uitmaak van die nuwe verbond in die bloed van Jesus Christus, mag vir geen oomblik vergeet dat God beloof het om vir ons 'n God te wees nie. Daarom, al gaan ons deur donker dieptes, is ons nie bang nie, want die Here is met ons. Dat Hy vir ons 'n God is beteken nie dat daar nooit in ons lewe beproewinge sal kom nie, dat daar nie hartseer en donker dae sal kom nie. Dit beteken wel dat in die hartseer en die donker God ook teenwoordig sal wees. Die kontinuïteit van die verbond is vir elke verbondsouer 'n heerlike troos. God het my en my kinders aan Hom as 'n ewige eiendom verbind en Hy roep my en my kinders om Hom te dien. Hy beloof verder om ons te omvou met sy liefde (Ps. 32:10) op so 'n wyse dat ons alleen verlore kan gaan deur volgehoue ongeloof en verharde ongehoorsaamheid.

## FINANSKOMMISSIE

Ons wil van die geleentheid gebruik maak om Br. Martin Venter te bedank wat ingestem het om die stoel as voorsitter te neem van die Finanskommisie.
In die kort tyd het hy al baie vermag wat die gemeente se finansie meer vaartbelyn gemaak het. Ons is dankbaar vir jou bereidwilligheid om die gemeente te help met jou vaardigheid en kennis.

# OOG VIR MEKAAR



* Baie geluk aan Craig en Estelle Adams met julle seuntjie Roan se geboorte verlede week en die doop vandag. Baie sterkte met die grootmaak van die jong man. Baie geluk aan die grootouers: Glen en Gale Wynne en Esther Smit.

* Ons bid vir Gerhard en Martie Maritz die seën van die Here toe met die behandeling wat voorlê. Gerhard het kanker in die linker speekselklier en daar is Vrydag 'n biopsie gedoen op die linkerlong. Mag die Here vir julle geloofskrag gee vir die toets.

* Ons is baie dankbaar dat Piet Kruger ongeskonde uit sy bakkie se wrak geklim het afgelope Maandag. Mag jy gou van die kneus- en seerplekke genees wees.

* Ons is baie dankbaar saam met Theyman en Simonè Jongbloed dat die gewas nie weer gegroei het nie. Ons bid jou die seën van die Here toe met die wagtyd voor die volgende breinoperasie.

* Theuns Botha het 'n beroerte gehad en is in Pta-Oos hospitaal opgeneem. Hy het Woensdag die laaste chemo ontvang.

* Ons bid vir Gerdien Kuypers wat 'n ander chemo moet ontvang. Die kankertelling het gestyg.

* Seën vir ons ouers en kinders met die nuwe kwartaal wat begin het. Ons bid vir julle met al die uitdagings wat wag. Sterkte vir die onderwysers met die opvoedingstaak in die skole.

* Ds Sarel en Tialeen bedank die gemeente vir die versorging en ondersteuning wat ons van julle ontvang. Julle dra ons deur die moeilike tyd wat ons tans ondervind. Mag die Here ons as gemeente seën en daagliks dra.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 24 JULIE

**Diensbeurt: P8 Tweefontein**

**Ouderling: Fanie Hattingh**

**Katkisasie: Les 14**

**Diaken: Louis v Wyk**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

## TEESKINKBEURTE



***24 Julie 2022***

**Lienkie Hoogendyk**
**Sherlyn Janse v Rensburg**
**Alfrieda Lessing**
**Marisa Linde**

***31 Julie 2022***

**Anna Nel**
**Madeleen Nel**
**Leoné Oosthuizen**
**Melissa Oosthuizen**
**Rienie Oosthuizen**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

Neem asseblief kennis dat daar geen ***Bybelstudie*** sal wees nie.

Hou die Basuin dop vir datums.





# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 24 Jul | Mario Janse Van Rensburg | B | 44 | 084 785 2598 |
| Ma 25 Jul | Tialeen Venter<br>Anna Nel | B<br>B | 58<br>54 | 084 800 0552<br>083 696 9089 |
| Di 26 Jul | Zelda Erasmus | B | 48 | 071 886 1764 |
| Wo 27 Jul | Francois Venter | B | 23 | 071 185 7894 |
| Do 28 Jul | ***Susan Weideman **** <br>Johan Snyman (Jnr)<br>Allene Albertyn | ***B***<br>B<br>D | ***74***<br>36<br>16 | 061 461 3420<br>079 500 3458<br>078 224 6734 |
| Vr 29 Jul | André Bakker<br>Magda Heinlein<br>Enrize vd Walt | B<br>B<br>B | 65<br>51<br>19 | 083 457 1711<br>076 340 9008<br>072 798 2914 |
| Sa 30 Jul | Cecelia Semet | D | 7 | 072 831 8147 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Wo 27 Jul 1972 | Hennie & Hester Korff | 50 | 072 190 2991 |

# SUSTERS (VETKOEK EN MAALVLEIS)

Die ***susters*** verkoop op ***Vrydag 29 Julie*** die lekkerste vetkoek en maalvleis in die dorp.

**Onthou DIE datum**

Gee jouself 'n aand af en kom ondersteun die susters en kom koop vetkoeke by die kerk.

Teen slegs **R 30.00** per vetkoek gevul met lekker maalvleis en **R 10.00** vir 'n "plein vetkoek" is dit so goed soos gratis.

Plaas jou naam op die lys agter in die portaal om jou bestelling te waarborg.



# KERK RAMINGS

*Wat is ramings?*
Die woord ramings is in Sinode 1885 die eerste keer gebruik. Ramings is kerke se verantwoordelikheid om Klassisse, Streeksinodes en Algemene Sinodes se besluite uit te voer. 'n Klassis neem 'n besluit en die besluit het finansiële implikasies daarom word die kerke binne die Klassis geraam om die besluit uit te voer.
So gebeur dit met 'n Streeksinode en die Algemene Sinode.
Uitgawes word deur die kerke in kerkverband gesamentlik gedra. Kerke kom ooreen om saam die finansiële las te dra.

*Wie stel die ramings vas?*
1.Die kuratore stel 'n begroting saam vir die uitgawes vir die opleiding by die TSP en bepaal die ramings vir die TSP en stuur dit dan na die bestuur van die Admin Buro.
2. Die deputate Emeritaatsvesorging stel 'n begroting saam vir die emeriti se versorging sowel as die mediese uitgawes en bepaal die ramings vir EVT.
3. Die bestuur van die Admin Buro stel 'n begroting op vir die Buro uitgawes.
4. Elke deputategroep stuur hulle verwagte uitgawes om hulle opdrag uit te voer na die Buro wat dan die totale ramings vir die Sinodale kas bepaal.
5. Die bestuur van die Admin Buro stel dan 'n begroting op van beraamde uitgawes.

*Die noodsaak van gereelde betaling van ramings:*
Die Admin Buro het vaste kostes wat elke maand betaal moet word. Die emeriti se versorging, die professore se traktering, die personeel se salarisse moet maandeliks betaal word. Onbetaalde ramings veroorsaak 'n gebrek aan
kontantvloei. Daar kan kwalik vir die emeriti gesê word daar het hierdie maand te min ramings ingekom daarom kan hulle nie versorg word nie.

*Waarvoor raam die Algemene Sinode?*
Deur die jare het Sinodes staande besluite geneem waarvoor geraam word. *Die volgende is voorbeelde:*
**Sinode 1859** – Opleiding van predikante 'n eie Teologiese Skool
**Sinode 1873** – Om emeriti gesamentlik te versorg
**Sinode 1931** – 'n Administratiewe Buro
**Sinode 1936** – Mediese versorging van emeriti

**Sinode 1970** - Instandhouding van die Argief
**Sinode 1982** – Sinodale kas
**Sinode 2009** – Thuso versorging van emeriti van van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn
**Sinode 2012-2018** – Bybelvertaling
**Sinode 2018** – Studente Hulpfonds

## *Waarvoor gaan die ramings?*

### 1 TSP (Teologiese Skool Potchefstroom)

Die TSP se begroting behels die traktering van 'n aantal professore en salarisse van die  administratiewe personeel. Administratiewe uitgawes soos elektrisiteit, foto-kopieering, skryfbehoeftes, reiskostes, ens. Die traktering en salarisse styg  jaarliks met 'n lewensaanpasing.

### 2 Emeritaatsversorging

Emeriti ontvang uit die Emeritaatsversorgingstrust maandeliks versorging, volgens die ledevergadering se Orderëelings van die Emeritaatsversorgings-kombinasie. Die versorgingbedrae word jaarliks aangepas.

### 3 Administratiewe Buro

Die Admin Buro word beman deur 'n aantal personeellede wat normale salarisse en ander voordele soos pensioenfonds ontvang. Daar is egter baie administratiewe uitgawes soos in 'n normale kantoor opset.

### 4 Sinodale kas

Alle deputate se reiskostes, administratiewe uitgawes en ander word deur die kas bekostig.

### 5 Mediese versorging emeriti

Volgens Sinodebesluit word emeriti se mediese uitgawes volgens 'n glyskaal deur die ramings betaal. Die glyskaal neem egter af. (Kyk hoofstuk 5, Ordereëling, punt 4.3.6).

### 6 Kerkargief

Die instandhouding van die GKSA se argief behels die personeel se salarisse, argivalemateriaal, reiskoste en administratiewe uitgawes.

### 7 Thuso

Thuso beteken "HELP" in Tswana. Die voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn se emeriti het geen versorging uit die kerke in kerkverband ontvang nie. Daar is 'n raming wat by alle kerke ingesamel word. Die versorging geskied op aanbevelings van die betrokke  Klassis en word jaarliks aangepas.

### 8 Studente Hulpfonds

Hulp aan alle behoeftige teologiese studente – vir mediese uitgawes, reiskoste, akkommodasie, voedsel, ens.

# DRAF, STAP OF TRAP VIR BYBELS

Die Bybelgenootskap bied vanjaar vir die derde keer ’n virtuele sportgeleentheid aan om geld vir die Bybelverspreiding in te samel.

Die *Draf Stap en Trap vir Bybels* het ontwikkel van ’n pretstap, 10 km en 21,1 km padwedloop na ’n virtuele geleentheid waar stappers, atlete én fietsryers deel kan word van die aksie om so die Bybelsaak te ondersteun.

In 2020 het die gebeurtenis wat vorige jare in Centurion gehou is, na ’n virtuele een verander weens die Covid-19-pandemie. ’n Voordeel van hierdie formaat is dat mense van regoor die wêreld nou kan deelneem, met atlete van sover as Nieu-Seeland, China en die Verenigde Koninkryk wat hulle deel doen om die Woord van God te versprei.

Vanjaar strek hierdie virtuele geleentheid oor drie weke. Deelnemers kan kies om op enige dag vanaf 1 tot 21 Augustus waar hulle hulself ookal mag bevind, 5 km, 10 km, 21 km of 42 km te hardloop, stap of fiets te ry.

Hoewel dit virtueel is, is daar niks wat groepe, soos gemeentes, verhoed om informeel bymekaar te kom om hierdie uitdaging saam en op ’n prettige manier aan te pak nie.

Inskrywings is R100 per persoon en registrasie kan by www.bybelgenootskap.co.za gedoen word.

Vir enige verdere inligting, kontak Gerhard Lindeque by lindeque@biblesociety.co.za.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Here my God, U het baie*
*wonderlike dinge gedoen;*
*U dink altyd aan ons;*
*daar is niemand soos U nie.*
*Ek sou daarvan wou vertel en*
*daaroor praat, maar dit is te*
*veel om op te noem.*

*Psalm 40: 6*

## GEMEENTE KUIER

***Die diakens nooi een en almal uit om op Sondag 21 Aug 2022*** na die erediens almal saam om 'n lekker bord kerrie en rys te kom kuier.

Bring soos die gewoonte is **eie eetgerei en drinkgoed saam.**


Gee vir ma die Sondag af en bring haar vir 'n ete by die kerk.

**Sit jou naam op die lys agter in die portaal om saam met ons lekker te kom kuier.**




GEMEENTEKAMP
Die aktiwiteitskommissie beplan ‘n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.
Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal!!!
Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek NOU en voorkom teleurstelling!!!!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar ‘n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!

# EVANGELISASIE



**Laat ons Sout & Lig**

**in hierdie wêreld wees**

**Joh 15:17 Dit gebied Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê.**

**Jak 2:15 Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?**



## BOU VERHOUDINGS

**Gal 6:2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.**

**Prakties**

**Sien jy iemand raak wat swaar kry.**

- **Bid vir die peroon, dra hom op aan die Here**
- **Bou 'n verhouding op oor tyd**

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



- **Wees jouself / normaal**
- **Stel 'n goeie voorbeeld**
- **Begin met gesprek wanneer jy gemaklik is**
- **Bid vir leiding deur die Gees, vra;**
- **Wat is daar wat vreugde bring?**
- **Wat is daar wat moeilik is?**
- **Bid saam met die persoon 'n kort gebed van ondersteuning**

## DOOP

Vandag word Roan Adams die seuntjie Craig en Estelle Adams gedoop:



Ons gelukwense aan die ouers, oupa's en ouma's en al die ander familie.

Mag die Here julle seën met die opvoedingstaak.

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | <br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.*

*Gen 17: 7*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS